

14 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 18:1-6  
Fokusgedeelte: DL, 1:5

**As iemand verlore gaan is dit sy eie skuld; as hy gered word is dit God se genade!**

Van die begin af wou die mens nie die verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie sonde nie. Adam het Eva blameer en Eva het die slang blameer. Paulus sê egter prontuit vir die Jode in Korinte (vers 5): "As julle verlore gaan is dit julle eie skuld." Iemand wat verlore gaan kan dus nie vir God of vir enigiemand anders blameer nie. Ons belydenis sê: "Die oorsaak of skuld van hierdie ongelooft, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens."

As ek dan gered word, is dit ook deur my eie toedoen? As ongelooft die gevolg is van die mens se eie toedoen, is geloof dan ook die gevolg van sy eie toedoen? Nee, beslis nie! Hoewel die mens deur sy eie toedoen verlore gaan word hy nie deur sy eie toedoen gered nie. In Efesiërs 2:8 en 9 staan: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie ..." Geloof is dus 'n genadegawe van God.

Dit is dus net God wat kan keer dat ek verlore gaan. Net Hy kan my red. Hy doen dit deur geloof aan my te gee. Hy kon my gelos het dat ek deur my eie toedoen verlore gaan, maar omdat Hy genadig is doen Hy dit nie. Hy skenk eerder geloof aan my sodat ek gered kan word.

My geloof is dus nie iets vanselfsprekends nie. Nee, as God dit nie aan my gegee het nie, dan het ek dit nie gehad nie. Daarom moet ek God elke dag dank vir hierdie allerkosbaarste gawe wat Hy aan my gegee het: geloof!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~